Publication: BEELD - SAKE
Title: Goud uit slik: Mynhuise werk saam
AVE: 6020.44
Page: 42
Publish Date: 23 November 2017
Author: Elvira Wood

Goud uit slik: Mynhuise werk saam

Elvira Wood

Sibanye-Stillwater en DRDGold gaan saamwerk om goud uit ou mynhope te herwin.

Die maatskappye het gister in 'n verklaring gesê hulle het 'n ruiltransaksie ter waarde van R1,3 miljard aangegaan.

Hiervoor kry DRDGold die reg om ou mynhope en slikdamme van Sibanye-Stillwater te verwerk, terwyl Sibanye-Stillwater weer 'n 38%-belang in DRDGold bekom.

Die waarde is bereken teen R4,96 per aandeel.

Die slikdamme wat in die transaksie ingesluit is, is by die Driefontein 3-, Driefontein 4- en Driefontein 5-, Kloof 1-, Venterspost-Noord- en Venterspost-Suid- en Libanon-goudmyn.

Verwerkingsaanlegte op die oppervlak by die Driefontein 2- en Driefontein 3-goudmyn, asook grond om 'n nuwe aanleg op te bou, is ingesluit.

Sibanye-Stillwater gaan bedrywighede by slikdamme by die Driefontein 1- en Driefontein 2-, Kloof 2- en Leeudoorn-goudmyn sluit en dan aan DRDGold oorhandig.

Die transaksie sal sowat 3,82 miljoen onse goud en 42,9 miljoen pond uraan by DRD se reserwes voeg.

Goud en uraan word dikwels in dieselfde neerslag gevind.

Sibanye-Stillwater het boonop die keuse om sy belang in DRDGold tot 50,1% te verhoog.

Sou hy sy belang verhoog, sal hy dié aandele teen 10%-afslag bekom.

"Ons is opgewonde oor die inherente potensiaal wat die belegging ons bied," sê Neal Froneman, uitvoerende hoof van Sibanye-Stillwater.

"Sibanye-Stillwater sal onmiddellik waarde uit bedrywighede op die oppervlak put."

DRDGold beplan om die nuwe bates in fases te ontwikkel.

Hy sal die bestaande aanlegte by Driefontein 2 en Driefontein 3 eerste opknap. Uitskot van Driefontein 5 sal daar verwerk word.

Een van die voorwaardes van die transaksie vereis dat die eerste fase van die projek binne 24 maande voltooi moet word.

DRDGold verwag die eerste fase van die projek sal baie min kapitaal vereis en vinnig kontant begin genereer.

Die kontant wat hy gedurende dié fase verdien, sal gebruik word om die tweede fase te ontwikkel.

Gedurende die tweede fase sal infrastruktuur ontwikkel word om ten minste een miljoen ton se uitskot per maand te verwerk.

Die transaksie is onderhewig aan goedkeuring deur aandeelhouers van DRDGold, asook die JSE en die aandelebeurs in New York.

Die mededingingskommissie in Suid-Afrika moet dit ook goedkeur.

Die maatskappye hoop om die transaksie gedurende die tweede kwartaal van die 2018-boekjaar af te handel.

Sibanye-Stillwater het gister teen R18,07 en DRDGold teen R4,96 op die JSE begin verhandel.

www.novusgroup.co.za | Tel: 011 568 3337 | clientservice@novusgroup.co.za | Copyright © Novus Group (Pty) Ltd.